

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 61 Nr. 2



Augustus 2013



Wysheid en vryheid onlosmaaklik verbind: die sin van opvoeding

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Geneem uit: *Calvyn vir vandag*. Dagstukke. Handeling 5:29

Die ware Christelike lewe

“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand ... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” – Mat. 22: 37-39

Elders behandel Paulus duidelik – hoewel kort en bondig – alle aspekte van ’n geordende lewe: “Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlijkheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn. Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen” (Titus 2:11-14). Hy beklemtoon die genade van God om ons te bemoedig en vir ons die weg te baan na die ware diens van God.

Dan verwyder hy twee struikel-blokke wat die mees hinderlike is. Dit is goddeloosheid (waartoe ons van nature maar alte geneig is), en wêreldse begeertes (wat nóg meer voorkom). Onder goddeloosheid verstaan hy nie net bygeloof nie, maar hy sluit ook alles in wat strydig is met die ware vrees van God. Wêreldse begeertes is dieselfde as wellus. So gebied hy ons om, wat

albei tafels van die Wet betref, ons eie insig prys te gee. En ons moet afstand doen van alles wat ons verstand en wil ons beveel.

Verder beperk hy alle lewensdade tot dié drie dinge: matigheid, regverdigheid en godvresendheid. Matigheid beteken ongetwyfeld sowel reinheid en selfbeheersing as die suiwer en spaarsamige gebruik van tydelike gawes en die aanvaarding van armoede. Regverdigheid behels alle pligte van billikheid, dit wil sê dat aan elkeen gegee word wat hom/haar toekom. Dan volg godvresendheid. Dit skei ons af van wêreldse besoedelings en laat ons ook deur ware heilighed in geestelike gemeenskap met God lewe.

Inst. III, 7, 3

Aanbiddelike Meester, ons kan maar net vra dat U in ons gestalte sal kry.

IN HIERDIE UITGAWE

Christelike vryheid	3
Literêre kunswerk	6
Invloed van die Groot Trek	9
Spreuke om die Here te dien	10
Bybel in Afrikaans	12
Oproep tot finansiële of materiële skenking(s)	14
Reformatoriese onderwys	15
Geskiedenis as lewensverrykende vak	17

Perspektief op Christelike vryheid

Geneem uit: *Terug na die Christenlewe*, soos vertaal deur Willem van Heerden¹

Inleidend

Hoe onderskei ons tussen dit wat ons vry is om te doen en dit wat 'n geleentheid is vir die vleeslike? Vanselfsprekend moet ons doen wat God beveel (byvoorbeeld, ons moet mekaar liefhê). Ons moet ook vermy om te doen wat God verbied (byvoorbeeld, owerspel te pleeg). Terselfdertyd is ons heeltemal vry om te doen wat God toelaat (byvoorbeeld, om vleis te eet).

Maar wat van die skynbare moeilike gevalle soos, om te drink, te dans, te flik* (kyk redakteursopmerking aan einde van bydrae), kaart te speel en heelwat ander aktiwiteite waar die toelaatbaarheid nie so duidelik is nie? Hieroor die volgende: God het ons beveel om Hom te eer, en om alles in Christus se naam te doen terwyl ons vir Hom lewe (1 Kor 10:31; Kol 3:17; Rom 14:7-8). Niemand kan ernstig beweer dat God ons beveel om te drink, te dans, te flik of kaart te speel nie. Dus, wanneer dit by hierdie soort aktiwiteite kom, is die regte vraag: Word ons verbied om hieraan deel te neem deur die algemene opdrag om God te verheerlik in alles wat ons doen, of, mag ons dit maar doen, in soverre ons dit tot sy eer kan doen?

Bybelse aanwysings

Om hierdie vraag te beantwoord sal dit help om vir 'n oomblik te dink aan twee strydvrage wat in die vroeë kerk geheers het: of vleis enigsins geëet mag word en of vleis wat aan afgode geoffer was geëet mag word. Omdat die eet van vleis nooit insigself verbied was nie, het gelowiges geworstel met die vraag of die geëet mag word wanneer dit aan hulle voorgesit word. Beskou, in dié ver-

band, die volgende aanhalings, sommige waarvan juis gestel is na aanleiding van sulke strydvrage.

Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon (Ps 24:1).

Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel? (Jak 4:12).

Luister almal na My en verstaan. Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dit is die dinge wat die mens onrein maak. Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein (Mark 7:14-15, 21-23).

Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie ... Alles is wel rein (Rom 14:14, 20).

Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie ... Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie (1 Kor 6:12; 10:23, 26).

Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet

onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed (1 Tim 4:1-5).

As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? – almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te

Christelike vryheid word soms verkeerdelik as negatief beoordeel, aangesien dit gebondenheid aan die beginsels en wetmatighede wat God in sy Woord en skepping bepaal en neergelê het, veronderstel. Werklike of valse vryheid moet egter beoordeel word aan die gevolge wat dit voortbring, naamlik óf die lewe óf die dood. Die Skrif self maak 'n duidelike uitspraak oor die verskillende paaie na die twee bestemmings. Verder moet Christelike vryheid binne die konteks van die amp van die gelowige opgeneem word, veral t.o.v. die koninklike aspek daarvan. Iemand wat hierdie vryheid handhaaf heers in koninklike sin, aangesien hy/sy beantwoord aan die waardige roeping tot gehoorsame uitlewing van die ware lewe waartoe die mens oorspronklik geskape is in en deur die Here Jesus. Dit geld in besondere sin ook die onderwys en wetenskap.

Vervolg op bl. 4

¹ 'n Vertaling van Deel 4 van *Back to Basics* onder redaksie van David G. Hagopian. Phillipsburg, New Jersey: Presbyterian and reformed Publishing Company, 1996.

Vervolg van bl. 3

vergaan volgens die gebooië en leringe van mense, wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees (Kol 2:20-23).

Alhoewel hierdie aanhalings vir hulleself spreek, sal dit baat om goed te luister dat hulle hard en duidelik argumenteer ten gunste van die gereformeerde beskouing van Christenvryheid deur aan ons ten minste vyf belangrike waarhede te leer.

Beweegredes

Eerstens, Christus alleen is Here van die aarde en alles wat daarin is (Ps 24:1; 1 Kor 10:26). As Christus Here is oor alle gebiede van die lewe dan kan Hy alleen die gewetens bind van hulle wat na sy beeld geskape is – in die woorde van Jakobus: daar is slegs een Wetgewer en Regter (Jak 4:12a). Omdat Christus alleen die reëls kan neerlê van hoe om 'n Christen te wees, behoort ons nie ander te beoordeel volgens reëls wat Christus nie uitdruklik in sy Woord bekend gemaak het nie (Jak 4:12b). En behoort ons ook nie toe te laat dat ander gelowiges of instellings mensgemaakte reëls op ons lê nie.

Tweedens, soos Christus Here van alles is en die enigste Wetgewer en Regter, is Hy ook die Een deur wie God alle dinge geskep het (Joh 1:3). En hoe beskryf die Woord God se skepping? Dit vertel ons eenvoudig dat God self sy skepping as goed beskryf het (Gen 1:4, 10, 12, 18, 21, 25, 31). Let op dat die “goed” nie beteken hoe deeglik God geskape het nie, maar dat Hy alle dinge geskep het sodat dit goed is. En die goedheid van die skepping was nie beperk tot hoe dinge voor die sondeval was nie. Alhoewel die sondeval die skepping grondig beïnvloed het (Rom 8:18-22), het Paulus

nog, sonder om te huiwer, die goedheid van die skepping na die sondeval beklemtoon: *Want alles wat deur God geskape is, is goed* (1 Tim 4:4a).

Derdens, omdat die skepping in sigself goed is, is niks daarvan inherent sleg nie. Dus kan niks buite ons ons besoedel nie (Mark 7:14-15). Paulus sê dieselfde op 'n ander plek, met 'n verdere toepassing. Nadat hy opgemerk het dat alles wat geskep is goed is, lê hy 'n algemene beginsel neer dat niks verwerplik is nie (1 Tim 4:4b). Hy vertel ons ook dat “niks op sigself onrein is nie” en stel dit daarna positief “alles is wel rein” (Rom 14:14, 20). Net so “alles is my geoorloof” (1 Kor 6:12, 10:23).² Die Bybel stel dieselfde beginsel op 'n ander manier: Niks daarbuite is op sigself sleg nie. Niks is verwerplik nie. Niks is onrein nie. Alle dinge is rein. Alles is geoorloof. Hoekom? Omdat God dit geskape het. CS Lewis sê dit op 'n ander manier “God hou van materie; Hy het dit geskape.”³

Vierdens, alhoewel God ons by

1 Party Nuwe Testamentiese geleerdes beskou hierdie stelling “alle dinge is wettig” as 'n kernspreuk van Korintiese liberalisme wat Paulus dan weerspreek en die Christen se vryheid in Christus in ware perspektief stel (soos volg: Julle sê dat alle dinge wettig is, maar ek sê dat alle dinge nie voordelig is nie; julle sê dat alle dinge wettig is, maar ek sê dat ek my nie deur iets sal laat oorheers nie). Ander geleerdes beskou hierdie frase as 'n algemene beginsel van Christelike vryheid, wat onderworpe is aan die perke van voordeligheid en oorheersing wat daaraan gestel is. Gelukkig is dit nie die enigste plek in die Bybel waar die goedheid en aanvaarbaarheid van alle dinge in sigself gestel word nie. Buitendien lei beide beskouings na dieselfde plek; dit kom net daar uit langs verskillende roetes. In die woorde van Paulus, alhoewel ons vry in Christus is, behoort ons nie ons vryheid te gebruik as 'n geleentheid om te sondig nie (Gal 5:13).

2 Aangehaal in Alan Maben, “When World Denial Becomes Worldliness,” *Modern Reformation*, March/April 1992, p. 6.

herhaling vertel het dat ons vry is in Christus, moet ons nie ons vryheid as 'n geleentheid gebruik om te sondig nie (Gal 5:13; 1 Pet 2:16). In Christus is ons vry van sondes en terselfdertyd ook vry om Hom te gehoorsaam as sy verbondsdienstknegte. Ons moet nie ons vryheid gebruik as 'n dekmantel vir die slegte nie. In plaas daarvan moet ons ons vryheid uitleef binne die grense gestel deur Christus, ons enigste Wetgewer en Regter (Jak 4:12). Die buitengrense van ons vryheid word daargestel deur wat die Bybel gebied en verbied en dit bepaal wat ons moet doen en nie mag nie. Maar wanneer dit kom by die dinge wat ons mag doen, moet ons beseft dat die Woord self beperkings plaas op die wyse waarop ons die dinge doen.

In hierdie verband sê Paulus dat niks wat met danksegging ontvang word verwerplik is nie, want dit word geheilig deur die Woord van God en die gebed (1 Tim 4:4-5). Natuurlik impliseer hierdie beginsel dat as ons iets verwerp, ons dit verwerp omdat ons dit nie met danksegging ontvang nie, of omdat dit nie deur die Woord en gebed geheilig word nie. Ons moet ons vryheid in Christus met die regte motiewe uitleef (in hierdie geval, dankbaarheid), en binne die konteks van die Woord en gebed. Dit beteken dat ons oortuig moet wees dat wat ons doen werklik binne die grense van ons vryheid val, soos gedefinieer deur die Woord. Per slot van rekening is alles wat nie uit geloof is nie sonde (Rom 12:23).

Ons moet ook seker maak dat ons behoorlik die gevolge van ons gedrag ondersoek het, deur in gedagte te hou dat ons uiteindelijke doel as gelowiges is om God te verheerlik en om sy koninkryk op aarde te bevorder. Ons behoort nie

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

iets te doen wat dié doel dwarsboom nie, of wat ons en diegene rondom ons mag benadeel nie. Die Woord sê wel dat alles geoorloof is, maar dit sê ook dat ons nie onself moet laat oorheers deur enigiets anders as ons ware Meester nie (1 Kor 6:12; Matt 6:24). Buitendien moet ons net die dinge doen wat voordelig is – die dinge wat nuttig is vir onself, en vir ander wat in ons sorg is (1 Kor 6:12). Ten slotte moet ons nie aanleiding daartoe gee dat die swakker broeder struikel nie (Rom 14:1-15:3; 1 Kor 8:7-13; 10:13-23), deur hom te beïnvloed om iets te doen wat hy as sondig beskou. 'n Primêre oorweging in Bybelse etiek is hoe ander beïnvloed sal word deur wat ons doen. Ons moet nie net na ons eie belange omsien nie, maar ook na die ander s'n (Fil 2:4).

Vyfdens, hulle wat byvoeg by die aanspraak wat die Woord op ons lewens het, gee aanstoot aan God deur te probeer om sy gesag vir hulself toe te eien. Hulle verwerp ook die goedheid van God se skepping en ontken die vryheid in Christus. In wese neem hulle aan dat die onfeilbare woord van God, wat ons “vir elke goeie werk volkome toerus” (2 Tim 3:16-17), op een of ander manier byvoegings van die feilbare woorde van mense nodig het. Wat dan op die ou einde gewoonlik gebeur, is dat die woorde van mense die woord van God verplaas! Geen wonder dat die Woord aandui dat persone wat mensgemaakte reëls verkondig, afgedwaal het van die geloof. Volgens Paulus gee sulke wetheiliges aandag aan verleidende geeste en leerstellings van dwelwels en is toegeskroei in hulle eie gewetes deur die skynheiligheid

van leuenaars. Paulus gebruik van die sterkste woorde in die Bybel om hulle wat reëls vir 'n “heilige lewe” fabriseer aan die kaak te stel, want om dit te doen is om die geloof te ontken deur te ontken dat God en sy Woord genoegsaam is. En bowendien is sulke reëls, soos ons reeds gesien het, geheel en al nutteloos om sonde te bestry. As Christene kan ons nie waag om by God se Woord by te voeg, of weg te neem nie; God se Woord alleen is die standaard vir wat ons leef en doen (Deut 4:2; Op 22:18-19).

***Redakteursopmerking:** Wanneer hierbo na fliek as sodanig verwys word, moet dit darem net gekwalifiseer word dat die kyk van films/DVD's wat positief ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing vertolk, net soos die boeke van 'n Christelike inslag wat ons lees, nie in stryd met ons Christelike vryheid sal wees nie.



Konferensie: Bybel en Belydenis

Datum: 5 Oktober 2013

Plek: Aros, Dickensonlaan 1174, Waverley, Pretoria.

Bedrag: R100 p.p.

Program

8:30 - 9:00	Registrasie, koffie of tee
9:00 - 9:30	Opening saam met die Aros studente
9:30 - 10:20	Ds. Pieter le Roux: Die Belydenis vandag
10:20 - 10:45	Vrae en bespreking
10:45 - 11:00	Pouse
11:00 - 11:50	Prof. Callie Coetzee: Belydenis en kerk
11:50 - 12:15	Vrae en bespreking
12:15 - 13:00	Dr. Wikus Buys: Amen en die Belydenis
13:00 - 13:15	Vrae en bespreking
13:15 - 13:30	Afsluiting

Navrae: morne@vcho.co.za / 072 514 4066



Bankbesonderhede:

Absa

Rek. No: 4078469860

Rekening naam: Juventus

Verwysing: Voorletters en van

Stuur bewys van betaling aan: morne@vcho.co.za

Literêre kunswerk

Die Christelike benadering¹

Geneem uit: *Die literêre kunswerk, vir die VCHO opgestel deur dr L.C. Minnaar, met kleinere redaksionele verwerking*

Prinsipiële verantwoording

Die lofpsalm waarmee hierdie bespreking begin word, word as gepas beskou, omdat dit aan God, die Skepper van hemel en aarde, die ereposisie gee, soos deur die skeppingswerk van God bevestig, en waaroor in hierdie Psalm getuig word:

Psalm 19. Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid.

Die hemel vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.

Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan:

daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem.

Hulle meetsnoere gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak;

en dié is soos 'n bruidegom, wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is bly soos 'n held om die pad te loop.

Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte nie.

Die wet van die Here is volmaak: dit verklik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.

Die bevel van die Here is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë.

Hoewel sonder spraak, is die natuur tog nie stom nie, soos daaruit blyk dat alles in die skepping die eer van God "vertel"!

1ste beginsel vir die kuns – lof aan God

Behalwe dat die Psalm met verwondering konstateer dat die hemel en aarde die werk van God is, maak dit ook deel uit van die digterlike kunswerk, as Woord van God. Dawid, geïnspireerde skrywer en poëtiese kunstenaar deur die genade van God, het sy kuns aan God gewy. Sy poësie was 'n uiting van lof aan God.

Natuur en Skriftuur in harmonie

In Ps. 19 besing Dawid die "handewerk" van God in die natuur en die volmaakte suiwer wet van God wat die siel verklik, wysheid gee aan die eenvoudiges, die oë verlig – ja, die verordeninge van die Here is begeerliker as goud, en soeter as heuning! Die Wet staan nie losgemaak van die Goddelike genadeverbond nie; vir oud-Israel het die verbond met Abraham die Wetgewing op Sinai voorafgegaan. Die tafels van die Wet het in die ark van die Verbond onder die bloed, waar die versoening gedoen was, gelê. Dus is die wet ook die openbaring van God se genade: geen wonder nie dat Dawid so oorloop van verwondering vir hierdie Wet. Ons Here Jesus Christus, wat hierdie Wet volkome kom vervul het, het dit in die liefdesgebod gekonsentreer: liefde teenoor God en liefde teenoor die naaste.

Vir die gelowiges word hierdie Wet, hierdie liefdesgebod, die beheersende beginsel vir hulle

lewens, want dit lei tot die ontdekking van die sonde en dryf die sondaar tot Christus en sy genade; dit het verder kragvolle betekenis vir die burgerlike orde en dien as reël of norm van die gelowige se dankbaarheidslewe.

Die geïnspireerde psalmdigter wie se gedigte ook deel van die Woord van God is, het in Ps. 19 die twee bronne genoem waardeur God Hom aan die mens openbaar: Natuur en Skriftuur (d.i. die Bybel). Daarin vind ons die wette wat God in die skepping geplaas en deur sy Woord opgelê het, wette wat die mens moet ondersoek, formuleer en gehoorsaam.

Hierdie hoë roeping geld vir alle lewensterreine, vir alle mense – ook die kunstenaar. Gehoorsaming van die wetsbeginsel beteken erkenning van die gesag van God, een van die grondbeginsels van die Calvinisme.

2de beginsel vir die kuns – normatiewe beelding

Dit is dus die taak van die kunstenaar om die norme wat die kunste beheers, na te speur, te formuleer en daaraan gehoor te gee. Die bronne waarin hy dit sal soek is in die Skepping en die Woord van God te vind.

Wat kan die kunstenaar uit die Skepping leer?

Die skepping is die grootse "kunswerk" van God, waarin Hy

Vervolg op bl. 7

¹ Vir die formulering van die Calvinistiese beginsels in die algemeen is gebruik gemaak van prof. dr. W.J. de Klerk se artikel "Die Calvinisme in 'n neutedop", Studiestuk nr. 6 van die Instituut vir die bevordering van Calvinisme.

Vervolg van bl. 6

Hom verlustig. Hy het wette gestel aan die hemelliggame, aan die wêreldvloed, aan die wolke en waterbronne, die see. Alles berus op 'n fundamentele orde, 'n wetmatigheid. In Spreuke 8:27-28 vertel die Wysheid op profeties-digterlike wyse hoe God sy kunswerk geskep het:

Toe Hy die hemel berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het;

toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fundamente van die aarde vasgelê het –

toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig

altyd, en het gespeel op sy wêreld-rond, en my verlustiging was met die mensekinders.

3de beginsel vir die kuns – onderworpenheid

Self Skepper van skoonheid, gee God aan die mens, sy beeldraer, ook die gawe van die kuns om hom daarin te behaag en te verlustig, as 'n troos in hierdie deur sonde bedorwe wêreld. 'Ná-skepper' in die klein, moet die kunstenaar ook sy kuns aan wette of grense, aan gebondenheid, die wetmatigheid onderwerp.

Hierdie gebondenheid aan wette in die natuur sien ons in die reëlmatige opeenvolging van die dag en nag, somer en winter, eb en vloed van die see, die groei en kwyn van die maan, die spel van die golwe op die kus, die natuurproses in die planteryk van ontkieming, groei, rypwording, verval. Dié reëlmatige herhaling binne vasgestelde perke is die RITME van die natuur: herhaling mét variasie, want die dinge keer nooit presies eenders weer nie. Die

mens het 'n ingebore gevoel vir ritme en daarom wek dit 'n behaaglike gevoel; daarom werk die kunstenaar ook met ritme: 'n gebondenheid aan 'n sekere herhalingspatroon wat esteties bevredigend werk en dus die skoonheid verhoog. Altwee die aangehaalde gedeeltes uit die Bybel kan die ritmiese werking pragtig illustreer. In Ps.19 vind ons gedagteherhaling: elke vers gee twee variasies van dieselfde gedagte:

1. Die hemel vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.
2. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan, ens.

In Spr. 8 vind ons weer die ritme in die herhaling van eenderse sinspatrone. Nie minder nie as tien maal begin die digter met 'n bywoordelike bysin van tyd, ingelei met die woordjie “toe” om die progressie van die skeppingswerk te vertel tot by die klimaks waar die spanning in die hoofsin saamtrek en oplos:

Toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd ...

Die natuur leer die kunstenaar nog meer, nl. die VORM, FUNKSIE, VERHOUDING, KLEUR, EWEWIG, HARMONIE EN SAMEHANG van al die geskape dinge. Die natuur is konkreet: mense, diere, plante, landskappe, hemelliggame, see, wolke, ens. – alles waarneembare werklikheid. Hoewel die kunstenaar nie 'n fotografiese afbeelding van die werklikheidsdinge wil gee nie, is die werklikheid (d.w.s. alles in die skepping) sy uitgangspunt. Daarom sal die kunstenaar werklikheidsbeelder wees: hy sal die waargenome dinge in hulle diepste wese probeer deurgrond en hulle volstrek eerlik uitbeeld. Maar hy moet ook méér as werklikheidsbeelder wees. Soos

die digter van Ps. 19 moet hy vanuit sy uitgangspunt, die stoflike werklikheid, opklim of uitreik na die geestelike werklikheid – Dawid het by die skepping begin en opgeklim na die Wet. So sal die Christen-kunstenaar ook die stoflike dinge deurskou en die dieper geestelike waarheid daarvan ontdek: hy doen die waarneming daarvan volgens sy persoonlike lewensbeskouing, en dit deurstraal die kunswerk.

Die kunstenaar se Christelike lewensbeskouing sal sy kunswerk deurstraal.

4de beginsel – sowel werklikheidsbeelder as 'siener' van die geestelike

Om hierdie beginsel te illustreer, nl. hoe die kunstenaar by die natuur, die stoflike dinge, begin en uitstyg na die geestelike werklikheid, die ideële, word hier 'n sonnet van die digter N.P. van Wyk Louw, weergegee:

Vroegherfs²

Die jaar word ryp in goue akkerblare, in wingerd wat verbruin, en witter lug wat daglank van die nuwe wind en klare son deurspoel word; elke blom word vrug, tot selfs die traagstes; en die eerste blare val so stilweg in die rook-vaal bos en laan, dat al die takke van die lang populiere al teen elke ligte môre witter staan.

O Heer, laat hierdie dae heilig word: laat alles val, wat pronk en sieraad was of enkel jeug, en vêr was van die pyn; laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas en nakend uit my teerder jeug verskyn.

² N.P. van Wyk Louw: *Die halwe kring*, 1937.

Vervolg van bl. 7

Op al die vormverskynsels van die sonnet sal hier nie ingegaan kan word nie; ons volstaan deur te noem dat 'n sonnet 'n gedig is waarin 'n beeld en sy toepassing gegee word. In hierdie sonnet gee die digter in die eerste agt verse (reëls) wat die oktaaf genoem word, op aangrypende wyse 'n beeld of beskrywing van die natuur tydens die vroeg-herfs in die Boland: daar is 'n rypwordings-proses in die natuur, en die bome verloor geleidelik hulle blare. In die laaste ses verse, die sekstet genoem, pas die digter die natuur-gebeure op die geestelike lewe toe. Dit word in gebedsvorm gedoen. Hy bid dat daar ook in sy gees, soos in die natuur, 'n rypwording sal plaasvind; hy bid om reiniging van alles wat ydel in hom was, om pyn sodat die rypwording en heiliging kan plaasvind. Die stoflike en geestelike werklikhede word hier naas mekaar gelê.

5de beginsel – simbolisering van die geestelike

Die natuurgebeure word simbool van die geestelike rypwording waarvoor hy bid. Die natuur dien gevolglik as voorbeeld van die dieper geestelike dinge.

Wat leer die kunstenaar uit die Bybel?

Die wêreld waarin ons lewe, is 'n gebroke wêreld, vol ellende en lyding en sonde. Uit die Wet ken ons ons sonde; uit die Evangelie van Christus ken ons ook die genade van God wat oor die mens in sy gebrokenheid lig. Benewens die skepping wel die sondeval, maar ook die herskepping.

Op alle terreine van die mens se lewe heers daar 'n voortdurende stryd tussen lig en duisternis. "Die Calvinisme wil hierdie stryd aandurf deur weg te breek van die duisternis en op alle terreine die suiwer beginsels van die lig uit te bou".³ Ook die kunstenaar

moet hierdie stryd teen die duisternis aanbind.

6de beginsel – die Bybelse antitese

Alle kuns, vanaf die vroegste tye, het in hierdie sondige werklikheid met sy ellende en stryd ontstaan en dra die spore daarvan; alle kuns het daarom 'n dramatiese karakter, gebore uit die spanning van die stryd tussen lig en duisternis, gees en vlees, die chaos en ordenende vorm, tussen mens en mens, mens en gesag, mens en God; ook in die mens teen homself; maar so ook die worsteling van die kunstenaar met die weerbarstige materiaal waarmee hy werk (soos die beeldhouer met sy klip en die literêre kunstenaar met die woord en die vorm).

Hoewel bogenoemde stryd- of konflik-element in al die literêre genres (soorte) voorkom, is dit by uitstek die drama wat deur dramatiese handeling 'n voorstelling daarvan gee. Die kern van alle dramas is botsing (of konflik).

Sedert die vroegste tye hou kunstenaars hulle met die probleem van menslike lyding en ellende besig. So het die ou Griekse treurspeldigters probeer om sin of betekenis aan die ondergang van die tragiese held te gee. 'n Vaste bestanddeel van so 'n treurspel (of tragedie) was dan ook die herkennis (*agnitio*) wat beteken dat die held aan die einde insig verkry in sy dwaling en die regverdigheid van die straf daarop. Die toeskouers van die drama beleef die lyding, stryd en ondergang van die held met huiwering, vrees, skrik en mededoë; maar juis deurdadig die held tot insig kom, het sy ondergang 'n louterende uitwerking – die katarsis – wat tegelyk 'n erkenning is van 'n hoër orde, wet of Mag waarteen die mens hom nie straffeloos mag verset nie.

Die 17^{de} eeuse Nederlandse digter, Vondel, het aan die Griekse tragedie 'n Christelike inhoud gegee. In sy Bybeldramas volg die straf of ondergang op die opstand van die held teen die wêreldplan van God – daarin lê die tragiese en die oorsaak van die lyding vir Vondel.

Vir die Christelike kunstenaar sal die sin of betekenis van lyding uit die Woord van God kom: as straf op sonde of as tugmiddel na God toe.

Vondel se tragiese helde het wel tydelik ondergegaan, maar omdat hulle tot inkeer en insig kom, was die einde nie so finaal en troosteloos soos by die Grieke nie – die lig van die Evangelie het daarvoor geskyn (Vgl. Jēfta, Josef in Dotan; maar nié in Lucifer en Adam in Ballingschap nie! Vir die gevalle engel is daar geen genade nie, en die gevalle Adam en Eva het met hulle val die ganse mensdom in ellende gedompel. (Eienaardig dat die Christelike Vondel nie die paradysbelofte in lg. drama geïnkorporeer het nie!)

Aan hierdie stryd tussen lig en duisternis wat alle kuns ten grondslag lê, word egter nie deur alle kunstenaars 'n Christelike uitbeelding gegee nie, d.w.s. deur sin of betekenis daaraan te gee nie. Die moderne ongelowige kunstenaars, byvoorbeeld, sien geen sin in lyding nie; vir hulle is die hele menswees doelloos, absurd, en hulle beeld dan ook die mens uit as 'n eensame, opstandige, rustelose wese, geklem deur ang en onsekerheid, doelloos, blindelings voortgejaag, sonder sondebeseft, sonder God.

Hoe sal die Christelike, die Calvinistiese kunstenaar teenoor die sonde staan?

Van die Christen-kunstenaar word geensins verwag om net deugsame mense in sy kuns uit te beeld nie. Dit is Christelike werklikheidsbeelding wanneer die sonde en ellende eerlik uitgebeeld word,

³ De Klerk, op. cit.

Vervolg van bl. 8

maar só dat uit die ellende die troostende skoonheid voortkom, omdat Christus sy Lig daarvoor laat val. Sonde moet nie goedgepraat of verheerlik word nie. Sonde moet as sodanig erken word. Prof. G. Dekker⁴ stel dit so:

Uitbeelding van die sonde uit verlustiging daarin, is eties sleg en esteties lelik. Maar dis esteties noodsaaklik om die sonde in sy verwoestende krag, die duisternis as bedreiger van die lig, uit te beeld.

4 Prof. G. Dekker: *Oordeel en besinning*, Human en Rousseau, Kaapstad, Pretoria, 1964, p. 34.

Uit die duister moet die lig kom: "Ellende is die achtergrond waarop God zijn evangelie laat lichten. Leed is het element dat meewerkt tot de schepping van de meest sublieme kunstwerken die de mensheid voortgebracht heeft", sê dr. B. Wielinga.⁵

7de beginsel – Christelike werklikheidsbeelding

In hierdie deur-sonde-verduisterde wêreld het die mens nogtans 'n roeping. Die Calvinisme bedoel met

5 Dr. B. Wielinga: *De Bijbel het licht voor de kunst*. J.H. Kok N.V. Kampen, p. 363-4.

die roepingsbeginsel dat elke mens die persoonlike verantwoordelikheid het om in alles wat hy doen, sê, skep en bepaal, die orde van God te gehoorsaam en uit te bou. Die gelowige is 'n profeet, 'n priester en 'n koning wat die werklikheid moet beheers, bewerk en bewaak volgens die Goddelike insettinge en verordeninge. Daarom is die mens, óók die kunstenaar, 'n opdragswese, iemand met 'n taak en 'n roeping.

Slotsom:

Beoefening van die kuns is vir die kunstenaar 'n roeping, in diens van God en tot verheerliking van sy Naam. 

Die invloed van die Groot Trek

Die bydrae is van emeritus prof. Frans Moolman ontvang

Algemene siening van die groot trek

Geen ingeligte persoon sal dit betwis dat die Groot Trek een van die belangrikste gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nie, en onder die pioniersgeskiedenis van alle lande en van alle tye 'n vername plek inneem. Hierdie siening word deur prof. E.A. Walker beaam waar hy onder andere skryf: "... the Great Trek was great because it was, and still is, the central event in the history of European man in Southern Africa".

Die Groot Trek was 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Tot omstreeks 1836 was Boer en Brit onder dieselfde administrasie en hulle kontak met die swartmense tot die Oosgrens van die Kaapkolonie beperk. Die gebiede ten noorde daarvan, was die tuiste van verskeie swart stamme. Die Groot Trek het 'n groot verandering meegebring.

Beduidende getalle Afrikaners (ongeveer 10,000) het die Kolonie verlaat om hulle onafhanklik van die Britte, ooreenkomstig hulle eie beskouinge, in die Noorde te gaan vestig. Met die vertrek van 'n kwart van die blankes aan die Oosgrens, het die Engelse liberale denke, wat deur filantropie soos dr. Philip e.a. beïnvloed is, ook in die Oos-Kaap dominant geraak.

Die Kaapse Grondwet het geen kleuronderskeid tussen mense gemaak nie, terwyl die Afrikaners se konstitusies, waar hulle hul gaan vestig het, (die Z.A.R. en O.V.S.), die swartes en andere van stemreg uitgesluit het. Die Trek het tot die ontstaan van twee radikaal verskillende beleide in soverre dit die nie-blanke groeperinge aangegaan het, gelei. Dit het ook die verskille tussen Boer en Brit verder beklemtoon. Twee blanke groepe het in Suid-Afrika naas mekaar tot stand gekom; een groep (die Engelse) was met kolonialisme en hulle humanitêre standpunte deurdrenk; die ander groep (die Afrikaners) het republikanisme voorgestaan en nie ongelikheid tussen blank en swart tot 'n kwessie gemaak nie. Die trek die binneland in het die blankes (Boere) en die swartes egter in direkte konflik met mekaar gebring.

Waarskynlik die vernaamste gevolg van die Groot Trek was die invloed wat dit op die sosiale en politieke denke van die Afrikaner gehad het en die wyse waarop dit hulle kulturele en emosionele lewe beïnvloed het. L. Marquard skryf in sy *People and Politics in South Africa*, bl. 13: "... Afrikaners regard the Great Trek as the spiritual, cultural and political event that gave birth to the Afrikaner volk."

Die Groot Trek moet teen die agtergrond van hulle prestasies beoordeel word. Nadat die Trekkers oor die Oranjerivier getrek het, is hulle vindingrykheid en volharding tot die uiterste beproef. Gering in getalle, met gebrekkige hulpmiddels en beperkte voorrade, oor riviere, langs ongebaande weë, oor vlaktes en berge, het hulle as baanbrekers daarin geslaag om die gebiede noord van die Oranjerivier "mak" te maak en vir die Westerse beskawing voor te berei.

In die Noorde het die Trekkers, ondanks Britse bemoeiing (waaroor in 'n ander deel uitgebrei word), moontlikhede geskep wat hulle in staat gestel het om, volgens eie volksaard en tradisies, gemeenskappe te stig wat in hulle geestelike en materiële behoeftes kon voorsien.

Die Groot Trek was die enigste manier om suksesvol teen die Britse bewind aan die Kaap te protesteer. Die betekenis van die Trek lê egter nie alleen in 'n protesbeweging teen die knellende toestande in die Kaapkolonie nie. Dit was 'n uiting van 'n ingebore vryheidsin. Dwarsdeur die wêreld staan daar monumente om die nageslagte te herinner aan die stryd wat dit geverg het om vry en onafhanklik van hulle oorheersers te kon wees. 

Spreuke vir ons gegee om die Here te dien

Opgestel deur emeritus prof. Fanie Riekert

Spreuke as Goddelike Wysheid in ons daaglikse lewe

'n Oorsig

Volgens P.A. de Rover in *Naar 't heilig Blad*, p.419, sê dr. Noordzij en dr. Gispén: "Te weinig wordt dit schone, praktische boek, waarin de Wysheid zelf bij monde van wijzen spreekt, gewaardeerd en de lessen, die het geeft, worden maar al te dikwijls door Christenen in de wind geslagen ... De Spreuken van Salomo vormen een der ontelbare bewijzen voor de veelzijdigheid en rijkdom van de Heilige Schrift."

Die Spreukeboek vorm 'n boek van wysheid vir alle tye, ook vir ons. Wysheid beteken oorspronklik *bedrewendheid, behendigheid, skranderdheid, knapheid* en De Rover sê "stevigheid, soliditeit, flinkheid". Waar kan 'n mens beter leer as by God self wat hierdie woorde van wysheid ook vir ons laat neerskryf het. 'n Gewone spreuk bevat praktiese lewensinsig, 'n algemeen geldige waarheid soos ons ook in die boek Spreuke vind. Ons hoef nie die formele ooreenkoms te loën nie.

Die alledaagse spreekwoorde wat ons gebruik, soos "die oggendstond het goud in die mond"; "die boer die kuns afvra" en "ek meneer en jy meneer, wie sal die wa dan smeer" spruit voort uit die jarelange kollektiewe ervaring van 'n volk of taalgemeenskap. So spruit die Bybelspreuke of Spreuke in die Bybel ook voort uit die ervaring van mense, in hierdie geval gelowiges. In beide leef die oortuiging dat daar 'n noodwendige verband bestaan tussen wat jy doen en oorkom, of soos ons spreekwoord sê: "Jy maai wat jy saai",

of soos Spreuke (26:27) self sê: "Wie 'n gat vir 'n ander grawe, val self daarin". Hier lê die begin van die belonings- en vergeldingsgedagte in Spreuke.

Spreuke verskil egter van die volkse spreekwoorde daarin dat dit sy uitsprake met God in verband bring. Agter sy uitsprake moet ons die Skepper van hemel en aarde raaksien. Daarom vind ons daarin wysheid wat bo die menslike wysheid is. Die Bybelse Spreuke is die Spreuke van God waarvan die agtergrond gevorm is deur die verbond van God! Die wysheid tree ons tegemoet as persoon. Die Spreker van Spreuke is uiteindelik Jesus Christus, wat ons van God tot wysheid gegee is (1 Kor. 1:30). Hy leer ons arme dwase, om in die bonte, "burgerlike" lewe te staan en wys te word tot redding. Let op: Spreuke gaan nie om "algemene" wysheid nie, maar word gerig aan die regverdiges (bv. soos in Spr. 3:33 ens.), die verbondskind wat wil lewe uit die vrees vir die Here. Daar is 'n band tussen die leraar en die leerling in Spreuke wat gestig word deur die Woord van God, die wysheid van God waardeur haar kinders hulleself regverdig. Laat ons die Goddelike Wysheid spreek sonder dat ons luister, dan bly ons dwaas.

Die Kollege te Genève (Calvyn se kollege) het bo die pilaaringang rosette in die kruisgewelwe wat fragmente van die volgende tekste bevat: 1. Spr. 9:1 (in Frans); 2. Spr. 5:1 (in Hebreeus); 3. Spr. 1:7 (in Hebreeus); 4. 1 Kor. 1:30 (in Grieks), en 5. Jak. 3:17 (in Duits) (sien C. van der Waal, *Sola Scriptura*, 264 nota 1).

Wanneer intellektuele kennis so dominant in Europa word, wys Calvyn dat ons 'wysheid' en 'wys-



heid' moet onderskei. Die humanisme laat die rede, die verstand bo die Skrif heers, die Reformasie wil die wysheid van die Skrif laat heers bo die verstandelike denke. "Kennis" is nie suiwer intellektuele kennis, verstandelike wysheid nie, maar praktiese lewenskennis oor alle terreine van die lewe.

Wysheid in Spreuke is gebaseer op eerbied vir God en gehoorsaamheid aan sy voorskrifte. Die vrees van die Here is die begin van die kennis. Vrees is hier nie angs nie, maar eerbied en kinderlike gehoorsaamheid. Dit is nie ontsag vir 'n onbepaalde "Opperwese" wat die "deug" beloon nie, maar vir die Here, die God van sy verbond met Israel.

Spreuke spel uit wat reg en wat verkeerd is, eerder as dat dit 'n resep vir sukses is. Spreuke pas die beginsels van God se voorskrifte toe op die hele lewe: op verhoudinge, die huisgesin, werk, die reg, besluite, gesindhede, reaksies – alles wat ons doen en sê, en selfs dink. Daarom kan 'n mens Spreuke bestudeer volgens temas, soos

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

woorde en die tong, gesinsverhoudings; gesindheid teenoor werk; saketransaksies; hoogmoed en nederigheid; sosiale verhoudings; gesagsverhoudings; innerlike houdings, ens. 'n Mens kan ook die tien gebooe in Spreuke bestudeer.

Die pad van die goddeloses (Spr. 4:14) moet vermy word, omdat dit op die dood uitloop. Verstandigheid red van die bouse weg van hulle wat die regte pad verlaat om op duistere weë te gaan (Spr. 2:12, 13). Daarteenoor is die weë van die wysheid lieflik; 'n boom van die lewe is die wysheid vir wie haar aangryp (vgl. Joh. 14:6).

Vandag wil ek eerder konsentreer op 'n aantal spreuke wat ek reken miskien die kern of die grondslag van alle wysheid na vore sal bring en absoluut fundamenteel tot die hele boek is. Die behandelde tekste/spreuke is nie volledig nie; daar is ander soos Spr. 7:1 (vgl. Jer. 31:33), Spr. 10:27; 14:26-27 ens. Die fundamentele kan in die frase "om die Here te dien" bewoord word en is die grondslag van alle wysheid en absoluut fundamenteel tot die hele boek.

Ons begin met 'n gedeelte uit Jesaja

Jes. 28:23-29

Die Nederlanders het 'n uitdrukking: "die boere die kuns afkyk." Ons sê: "die boer die kuns afvra." Ons bedoel daarmee dat die boer eenmaal 'n praktiese sin moet hê as hy in sy bedryf welslae wil bereik. Die mens behoort tot die ontdekking te kom dat daar 'n orde en wetmatigheid in die skepping en natuur is wat nie ongestraf deur die mens opsy geskuif kan word nie. Daar is in die skepping 'n neergelegde orde wat die Skepper ook gebruik. Die gevolgtrekking is dat elke waarlik wyse lewensaanpak alles te maak het met die wysheid van Hom wat "magtig is van raad en

groot van beleid". Dit is wat Jesaja ons wil leer in 28:23-29. Deur wysheid in die gelykenis te gebruik wou/wil die Here iets aan sy volk meedeel. In die alledaagse lewe het ons wysheid nodig en gehoorsaamheid daaraan. Dit koppel Jesaja duidelik aan die goddelike wysheid/Wysheid.

Nota: In die deel wat volg word "Afrikaanse Bybelvertaling" afgekort met 'AB'.

Spr. 16:4 en 6 **Onderskeie vertalings**

AB '83 (4)

Die Here het alles gemaak met 'n doel, ook die goddelose vir die dag van straf.

AB '83 (6)

Liefde en trou bring versoening waar daar verkeerd gehandel is:

1) kwaad word vermy deur die Here te dien.

1) AB '53 Deur liefde en trou word die skuld versoen ...

16:4 beklemtoon aan die een kant die goddelike beheer van die lewe;

16:6 aan die ander kant, die menslike voornemens en verantwoordelikheid. Hierdie twee gedagtes – goddelike gesag en menslike kennis – loop soos 'n goue draad deur die wysheids-geskrifte van Ou Israel.

i. Dit gaan om die geloof in die mag van God.

ii. Dit gaan om die vermoë van die mens: om vir hom lewens-harmonie te skep.

Die een sluit die ander nie uit nie; vgl. Josef, Ester. Die Here bepaal in laaste instansie hoe sake moet verloop. Hy het die orde in sy skepping bepaal en so loop dit. Niks gaan buite die goddelike bestuur/bestier om nie. Die goddelose het ook 'n plek in die groot wêreldplan van God, wat sy heerlikheid ten doel het. Hierdie doel word gesien wanneer God sy reg

teenoor die goddeloses handhaaf. Die doel van alles vloei in die doel van God in. Sy doel word ook bereik deur die geskape dinge. Die algemeen aanvaarde betekenis is dat daar op die ou end geen los drade in God se wêreld is nie: alles sal 'n gebruik kry wat klop met die geskikte lot.

(4) Waar alles 'n doel het, en die bestaan van die goddelose met die almag van die Here wat die doel gestel het, skynbaar spot, moet die mens bedink dat selfs die goddeloses deur die Here gemaak is vir die dag van onheil. Die hele skepping, selfs die boses en hulle dade staan onder God se soewereine beskikking en dien sy doeleindes. Dade wat nie in lyn met sy wil is nie, het geen hoop om suksesvol te wees nie. Jy beland in die wildernis.

Raad: vra jou af of jou besluit in pas is met wat God verwag. Wanneer jy die Here dien en Hom in wysheid gehoorsaam, kan jy weet dat daar harmonie en vrede in jou lewe sal wees, selfs waar daar verkeerdheid en vyandigheid om jou sal wees.

Aantekening: Onthou dat hierdie spreuk, soos verreweg die meerderheid van spreuke, argumentatiewe tekste is. Die doel van hierdie een is om die goddeloses, deur die vrees van die komende oordeel, tot bekering te beweeg.

(6) Liefde en trou is die vervulling van die wet. Liefde en trou is handeling van die mens en druk die houding van die wyse teenoor God uit. Dit vervat God se basiese vereistes in die verbond met Israel en sluit aan by die verlaat van bouse weë onder die eerbiedwaardige vrees vir God. Dit is nodig om sin aan die offers te gee. As kern van die godsbrug help dit dat 'n mens opnuut in die vrees van God en dankbare liefde teenoor Hom leef as antwoord op sy antwoord by ons soeke na versoening met Hom.

Vervolg op bl. 13

Ter herdenking aan die 80ste jaar van die heuglike in-gebruik-neming van die Bybel in Afrikaans in 1933, het mnr. Theo du Plessis van Bloemfontein op 27 Augustus vanjaar 'n kosbare uitstalling van antieke Bybels, sommige waarvan sover terug as die 17de eeu dateer, gehou. Die foto's gee 'n treffende beeld daarvan weer.



Vervolg van bl. 11

Liefde en trou is in volkome sin alleen deur Jesus Christus be-
toon.

16:16-30 (slegs enkele spreu- ke)

Oorsig: Wysheid is belangriker as enige iets op aarde. Dit bepaal die soort pad wat jou lewe loop. Daarmee kan jy die goeie weg volg (16:17-24) of die afdraande pad van vernietiging gaan (16:25-30). 'n Nederige mens wat op God vertrou, is iemand wat met sy opbouende woorde en dade die lewe van ander verryk. Sy pad is goed en reg. Maar 'n mens wat met sy mond en sy gebare ander mense se lewens verwoes is op 'n pad wat doodloop. Sy woorde is soos vuur wat vernietig. Hy verwoes ander se lewens en vernietig in die proses homself ook.

Onderskeie vertalings

(16) AB '53

Hoeveel beter is dit om wysheid te verkry as goud, en verkiesliker om verstand te verwerf as silwer.

AB '83

Probeer liever wysheid be-
kom as goud,
liever insig as silwer.

Die verwerwing van wysheid is beter as die verwerwing van goud. Dit sê nie dat rykdom nie begerenswaardig is nie, maar slegs as die vrug van wysheid. Wysheid (of liever Goddelike Wysheid) is belangriker as enig-
iets op aarde. Dit bepaal die soort pad wat jou lewe loop. Jy kan die goeie weg volg (16:17-24) of die afdraande pad van vernietiging gaan(16:25-30).

(17) AB '53

Die gemaakte pad van die opregtes is om van die kwaad af te wyk;
hy wat op sy wandel ag gee,
bewaar sy lewe.

Gispen (in Afrikaans letterlik ver-
taal)

Die gebaande weg van die opregtes is om van die kwaad af te wyk;

wie sy weg bewaar, beskerm sy lewe.

AB '83

Opregte mense vermy die kwaad op hulle lewensweg;

wie nougeset lewe, hou hom-
self in die lewe.

'n Mens moet let op die pad wat jy moet loop om so jou lewe te bewaar. Is dit op die gemaakte pad van die opregtes of op die on-
gemaakte pad van die goddeloses waarop daar struikelblokke is? As 'n mens op die gemaakte pad wandel, wyk jy af van die kwaad. Die handel en wandel van die opregte bestaan in die ontwyking van die sedelik slegte. Wie noulettend ag gee op wat hy doen, beskerm sy lewe.

(18) AB 53

Trotsheid kom voor die ver-
breking,

en hoogmoed kom voor die val.

Ootmoed word aanbeveel,
deur te wys op die wrange vrugte van hoogmoed.

AB '83

Op hoogmoed volg onder-
gang;

op selfverheffing volg die val.

AB '53

Trotsheid kom voor die ver-
breking,

en hoogmoed kom voor die val.

Ootmoed word aanbeveel,
deur te wys op die wrange vrugte van hoogmoed.

(19) AB '53

Dit is beter om nederig van gees te wees saam met die ootmoediges

as om buit te verdeel met die trotsaards (Gispen: hoogmoediges).

AB '83

Liewer eenvoud saam met nederiges

as om saam met hoogmoediges van roof te leef.

AB '53 bou voort op (18), ootmoed word aanbeveel deur nederigheid in die geselskap van nederiges aan te prys.

AB '83 prys die geselskap van armes en verdruktes aan as groep waar nederigheid betrag kan word, bo die geselskap van rykes en hoogmoediges wat onregverdig verkreeë buit verdeel. Nederig van gees te wees tussen mense wat ootmoedig is (en bewus van die nietighede van die genietinge van die wêreld) is verkieslik bo gemene saak te maak met die trotsaards wat swelg in (geroofde) rykdom.

(20) AB '53

Wie ag gee op die Woord,
sal die goeie vind;

Gispen: Wie op die woord let,

en hy wat op die Here vertrou, is gelukkig.

AB '83

Wie ag gee op die woorde van die Here, sal voorspoed geniet,

wie op die Here vertrou, met hom gaan dit goed.

Woord/woord (van die Here) is gebod en belofte (van God). Hy wat daarop ag gee, is op weg na voorspoed.

(25) (= Spr. 14:12)

AB 53

Daar is 'n weg (AB 83: lewenswyses) wat vir 'n mens reg lyk,

maar die einde daarvan is weë van die dood (AB 83: die uiteinde daarvan is die dood).

Die weg wat vir iemand reg lyk, is dikwels die weg van sonde. Pas op vir die misleidende padwyser! Die oënskynlike kan bedrieglik wees: 'n pad wat goed lyk, kan 'n dodelike gevaarlike pad wees. Die einde van die oorweginge en keuses wat 'n mens maak, is bepalend. Daarom, wees versig-

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

tig! Op die pad van geregtigheid is lewe.

Slot: Terug by 16:16-25(30)

Let op, die gedeelte is 'n pakket van wysheidsleringe. Wysheid is meer werd as geld. Opreghheid gaan gepaard met wysheid en lei tot sukses. Nederigheid is noodsaaklik vir religieuse vertroue op God en gaan hand aan hand met 'n suksesvolle wysheidslewe. Waar die orde deur God ingestel en in stand gehou word, is die wysheid 'n poging om in ooreenstemming met sy wil te lewe. Daarom staan God uiteindelik agter alle voorskrifte en oorlegginge. Die wysheidsleraars het aanvaar dat hulle riglyne kan opstel aan die hand waarvan mense by die skeppingsorde kan inskakel.

Spr. 18:2 **Onderskeie vertalings**
AB 53

Die dwaas het geen behae in verstandigheid ¹⁾ nie, maar net daarin dat sy hart openbaar word.

AB 83

Die dwaas stel nie belang in insig nie, hy wil net sy eie opinie bekend maak.

1) Gispen: 'deursig' (doorzicht)

Die dwaas het geen behoefte aan ware verstandigheid nie. Hy het net 'n begeerte om sy eie (vermeende) wysheid te lug. Hy wil net gehoor word. Dit verskil van die wyse van 18:15 wat wil luister. Die dwaas het geen lus om die deursig sy eie te maak, of na deursig te luister nie. Sy hart bevat enkel dwaasheid; dit stel hom in sy geestelike naaktheid ten toon en hy geniet dit.

Spr. 18:15 **Onderskeie vertalings**

AB 53

Die hart van die verstandige verwerf kennis, (Gispen: wie insig het)

en die oor van die wyse soek na kennis.

AB 83

'n Mens met insig doen kennis op;

wyse mense hou hulle ore oop vir kennis.

Hieruit blyk dit dat wysheid gepaard gaan met swygsaamheid, in elk geval met die vermoë om te kan luister na hulle wat met deursig spreek of na die deursig self. Die wyse en verstandige begeer steeds meer wysheid – en verkry dit.

18:2 en 18:15 saamgevat.

Waar die een mens se woorde van diepe wysheid getuig, kan die ander mens se woorde sy afstootlike egosentrisme uitblaker. Hy is so vol van homself dat almal hulle vir hom vererg.

Spr. 19:23 **Onderskeie vertalings**
AB 53

Die vrees van die Here is tot die lewe


en versadig bring 'n mens die nag deur, sonder om deur 'n onheil besoek te word.

AB 83

Wie die Here dien, se lewe is veilig;

so 'n mens slaap rustig, geen ramp tref hom nie.

(a) Vrees vir die Here dien tot lewe. Die religieuse aard van wysheid val op, maar moet nie in 'n ondeurdagte beloning of vergelding gesien word nie. Al moet ons dink aan 'n lang en gelukkige lewe op aarde, is daar ook die gedagte aan die waaragtige, hoëre, ewige lewe wat nie uit te sluit is nie.

(b) Wie die Here vrees, sal geen gebrek ly nie: bes moontlik 'n sinonieme uitdrukking vir die wysheid waarvan die Here die Outeur is (Jak 3:17). Die gods-vrug gee versadiging, veiligheid – lewe in die volle, ryke sin van die woord. 

Oproep tot finansiële of materiële skenking(s)

Bergingsruimte vir boeke

Sewe jaar gelede was die VCHO bevoorreg om 'n nuwe woonhuis te kon betrek wat vir volle kantoorgebruik ingeruim kon word. Dit was vir die personeel 'n groot en belangrike gebeurtenis, aangesien die nuwe fasiliteit aansienlik meer aan dienlike kantoorruimte, asook die benutting van bergingsruimte vir boeke, benewens 'n ruim vergaderlokaal ens. bied.

Vantevore was die oorgrote meerderheid van ons eie publikasies in 'n kelderruimte geberg, wat sy eie beperkinge gestel het. Met die nuwe kantoorruimte waar alles nou op een vlak is, is die moontlikhede vir die berging van boeke net soveel méér gerieflik en toeganklik as wat dit in die verlede was. Kosbare boeke kan derhalwe nou in meer gunstige omstandighede geberg word.

Dankbare in-bewaring-neem van boekskenkings

Gedurende die afgelope jare, sedert die nuwe fasiliteite betrek is, word ondervind dat heelwat boeke van akademies-afgetredenes, asook van predikante-emeriti hulle weg na die VCHO se kantoor vind. In die loop van 2012 was, bv., twee skenkings van 'n redelike groot hoeveelheid boeke

Vervolg op bl. 16

Reformatoriese onderwys

Dringend gesoek: teoloë en filosowe

Onlangs is die 450-jarige bestaan van die *Heidelbergse Kategismus* gevier. In 1563 is hierdie kategismus op versoek van die keurvors Frederik III van die Paltz (in vandag se Duitsland) as 'n leerboek vir skole opgestel. Let wel, vir die skole, nie vir die kerke nie.

Frederik III se bedoeling was duidelik. Onderwysers moet nie net gelowiges wees nie, maar moet die Bybel goed ken en kinders daarvan leer.

Daarom ook het die Gereformeerde Kerke in SA met die oprigting van die teologiese skool in 1869 nie net predikante opgelei nie, maar saam daarmee ook onderwysers, skoolhoofde.

Ook vandag is dit noodsaaklik dat onderwysers, en in elk geval skoolhoofde, leiding moet kan gee op teologiese gebied. Hulle moet ook gereformeerde teoloë in gereformeerde kerke wees. Hulle moet Christelike – gereformeerde of reformatoriese – onderwys kan gee, die Bybel goed ken, 'n aktiewe en betrokke kerklike lewe lei. Hulle moet gevoed word deur stewige en diepgravende prediking, deur gereelde Bybelstudie en deur die gemeenskap van heiliges. En hulle moet voortdurend vra vir die leiding van die Heilige Gees. Ook moet hulle in liefde teenoor God, die naaste en natuurlik die kinders lewe.

Die ander deel

Maar dit is net een deel. Alle vakgebiede se lesse, asook die pedagogiek en die didaktiek – dus die hele beskouing en metodiek van vakke en van die onderwys – moet vanuit die Bybel beskou en daarop gegrondves wees. Dit leer sekulêre onderwysersopleidingsinstansies jou nie.

Voeg daarby die invloede wat die wêreldse, sekulêre, postmoderne denke op ons almal, ook gereformeerde onderwysers se lewens- en wêreldbeskouing, ons waardes, keuses en voorkeure, uitoefen. Dit is alles invloede wat krities verstaan en teengestaan moet word. Dit kan slegs effektief gedoen word deur soveel as moontlik positiewe, Bybelse, invloede op jou te laat inwerk.

Daarom is dit vir alle gelowiges so belangrik om gelowig, Bybels, beïnvloed te word. Dit maak die prediking, Bybelstudie, gebed, funksionering in die gemeente, goeie vriende, goeie leesstof, en natuurlik ook die vermyding van slegte invloede so belangrik. Daarom is gereformeerde opvoeding, onderwys, skole en omgewing onontbeerlik.

Implikasies vir die onderwyser

Dit alles moet die ouer en die onderwyser goed beseef. Wat sy vakkennis en onderwyskunde betref, moet die onderwyser al die verkeerde invloede ken en kan teenstaan. Ook moet die onderwyser beseef dat die keuse en inhoud van alle vakke en ook die onderwysmetodes, grootliks bepaal word deur owerheidsinstellings en tien-teen-een bepaal en saamgestel is deur 'n ongelowige kurrikuleerder. So ook die outeurs van die amptelike skoolboeke.

Die noodsaak van eie filosowe

Dit is hier waar die belangrikheid van 'n Bybelse, voluit Christelike filosofie, inkom, 'n filosofie wat aan alle vakke 'n Bybelse grondslag en perspektief gee. Slegs in God se lig sien ons die lig reg. Dit sal die onderwyser toerus om 'n ongelowige kurrikulum om te buig

en/of om te begin werk aan 'n Bybelse kurrikulum.

'n Onchristelike filosofie lei tot onchristelike onderwys en vakke, want 'n onchristelike filosofie wil alles sonder God probeer verstaan. Net soos wat die evolutioniste probeer om die totstandkoming van die wêreld en die kosmos sonder God te verstaan. Dit is goddeloos. (Vgl. bv. Kolossense 2: 2-4.)

Christelike filosowe moet help leiding gee ten opsigte van gelowiges se lewens- en wêreldbeskouing, insluitende dié van die ouer, die onderwyser, die predikant en wetenskaplike. En hierdie filosofie moet op sy beurt weer gevoed word uit die Skrif, met behulp van die Bybelse teologie.

Maar waar is ons filosowe?

Onderwysers en ouers vind dit moeilik om volgens 'n Bybelse wêreldbeeld en insigte onderwys te gee as hulle nie leiding kry oor wat dit presies vir alle vakke en onderwysmetodiek impliseer nie. Hiervoor is regsinnige teoloë en filosowe nodig. Maar waar is die Christelike filosowe in die afgelope halfeeu?

In die loop van die 20e eeu was daar nog van hulle, manne soos Dooyeweerd, Vollenhoven, Berkouwer, Bavinck, Waterink, Stoker en Strauss. Maar waar is hulle eweknieë vandag? Waar is die Christelike filosowe wat moet leiding gee, om grondwerk te doen waarop gelowige pedagoë en vakkundiges kan voortbou om op hulle beurt weer Christenonderwysers op te lei en te begelei?

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 15

Wêreldse filosofie is ver voor, iets waaroor, byvoorbeeld, Romeine 1:18-22 al gewaarsku het. Die gevolg is dat die gelowige onderwyser in 'n wêreld en dikwels ook 'n kerklike wêreld lewe wat onbewustelik gebou is op 'n wêreldse filosofie en 'n heidense siening van vakke en van die onderwys.

Wat nou?

Tog is Christelike onderwys en opvoeding steeds 'n opdrag en roeping, dalk belangriker as ooit. En gelowige onderwysers werk hard daaraan om hul werk volgens God se wil te doen. Egter sonder dat daar Christelike filosowe en predikante is wat veel leiding kan gee. Hoe gouer gelowige teoloë en filosowe hulle met die onderwys begin bemoei, hoe beter.

God se Woord moet teoloë en filosowe lei en hulle moet op hul beurt gelowige pedagoë en on-

derwysers help vorm. Intussen moet onderwysers probeer regkom met die beperkings as gevolg van tekortkomings op die gebied van die Christelike teologie, filosofie en pedagogie. Dit impliseer dat hulle na die beste van hul vermoë die volgende self moet doen:

- die tekortkominge verstaan;
- probeer om die beste van die saak te maak ten opsigte van alle vakke en alle ander aspekte van die onderwys;
- hulself gedurig toets en oplei om te sorg dat hulle wel die regte wêreldbeeld en ingesteldheid ontwikkel;
- krities na hulself, die kurrikulum, die lesmetodiek en hul houding kyk en nie bang wees om veranderinge aan te bring nie;
- onderwysers en dosente moet ook filosowe word, dus filosofie bestudeer;
- onderwysers moet ouers, predikante, teoloë, filosowe en pedagoë aanmoedig om te

help bou aan hierdie fundamente.

- Almal moet mekaar help; 'n grootse spanpoging.

Deur dit alles heen moet die kerk en die prediking 'n sentrale rol speel. Dit gaan om daaglikse bekering, om 'n Bybelse siening van alles rondom ons te kry. Om te weet wat God in sy Woord leer en wat Hom behaag. Ons moet bid dat die Here aan Christelike onderwysers weer Christelike teoloë, filosowe en pedagoë gee wat onderwysers kan help en begelei.

Jong en talentvolle gelowiges moet ophou om te kies vir beroepe op grond van salarisvoorsigte en werksekuriteit. Want God se koninkryk het gelowige filosowe, pedagoë, predikante en onderwysers nodig. God se kerk en koninkryk moet daardeur uitgebou word.

Rob van der Kooy
3 Julie 2013



Vervolg van bl. 14

aan die VCHO gedoen. Dit is boeke wat nie weggewys kan word nie, maar eerder met groot dankbaarheid aanvaar word. Die rede is dat die boeke uit die gereformeerde literatuurskat kom, wat oor jare heen deur die skenkers versamel was teen aansienlike koste. Die boeke is dus van onskatbare waarde, weens die verryking wat dit tot die bestaande literatuurbron toevoeg. Dit is alles boeke wat boonop sonder enige noemenswaardige koste vir die VCHO na ons oorgegee word.

Ons is die skenkers van sodanige boeke werklik dankbaar vir die waardevolle boeke wat op hierdie wyse reeds in besit van die VCHO gekom het, sonder dat dit 'n groot koste-implikasie vir ons het, en wil die boeke graag met

die grootste mate van sorg opneem en bewaar.

Vertrekrumte daar, maar vol-doende rakspasie ontbreek

Met die talle nuwe boeke waaroor die VCHO tans beskik, het die behoefte aan rakspasie egter aansienlik toegeneem. Daar is gelukkig voldoende vertrekrumte wat met rakspasie toegerus kan word, maar die rakspasie ontbreek. Die onmiddellike primêre behoefte is om die bestaande boekskenkings behoorlik te kan opneem en te berg, deur die nodige rakspasie daar te stel.

Gesien die noodsaak dat kosbare boeke soos hierdie na behore geberg word, sal die rakspasie wat vir die onmiddellike voorsien moet word in die orde van R30 000,00 beloop. Daar word doelbewus van duurder materiale weggestuur deur

eerder van goedkoper, maar steeds dienlike en geskikte materiaal, gebruik te maak. Ons wil graag die rakspasie binne die eersvolgende maande laat aanbring, sodat met die ontsluiting voortgegaan kan word.

Met so 'n kapitale uitgawe aan rakspasie, sal dit 'n beduidende deel van die VCHO se lopende rekening opneem, indien dit uit eie fondse gedoen moet word, tensy ander bronne van befondsing gevind kan word. Indien die las van die lopende rekening afgeneem kan word, sal dit ons in staat stel om voluit met ons program van uitvoering te kan voortgaan. Die ideaal sou wees dat daar van elders 'n 'borgskap' vir die aanbring van die rakspasie gevind word.

Vervolg op bl. 19

Geskiedenis as lewensverrykende vak

Status

Geskiedenis is netso deel van die Godgeskape werklikheid as enige ander aspek daarvan wat tradisioneel deur enige van die ander vakwetenskappe bestudeer word. Vandag verneem ons egter meermale van ietwat skeefgetrekte beskouinge oor Geskiedenis as vak, wat die verlede, hede en toekoms vanuit eenaardige ideologiese standpunt-innames benader. Een daarvan is, bv., dat wat in die verlede gebeur het, as afgehandel beskou kan word, sonder dat dit enige betekenis of relevansie vir vandag het. Iemand wat geen of weinig waardering vir sy/haar herkoms en verlede het, wat in die hede nie daarmee erns wil maak nie, en ook nie insien dat dit bepalend vir die toekoms is nie, moet dalk weer daaroor nadink. Dit is nie sonder rede nie dat ons baiekeer die uitdrukking hoor: "geskiedenis is of word deur mense gemaak". Waarom dan diegene wat in ontkenning oor die geskiedenis, meer bepaald ons Afrikaner-geskiedenis, lewe, asook 'n gebrek aan sensitiwiteit vir dié van andere toon?

Die nie-bevredigende wyse waarop die geskiedenis hedendaags in sommige kringe hanteer word, kan bydraend daartoe wees dat (jong)mense hulle belangstelling daarin verloor. Een van die grootste vergissings wat 'n mens maar kan begaan, sou wees dat aan geskiedenis as sodanig geen waarde meer geheg word nie. Sonder die geskiedenis kan ons ons in werklikheid nie 'n sinvolle bestaan indink nie. Daar is oral 'n lewens(ver)loop vir mense en entiteite waar te neem. 'n Mens dink maar vir 'n oomblik daaraan dat alles met geskiedenis verweef is; iets waarmee deeglik

rekening gehou moet word. Die plek wat, bv., kerkgeskiedenis inneem, word allerweë erken; die ekonomie het 'n geskiedenis, ens. Geskiedenis kan tot 'n groot hoogte as die geheue, maar ook die gewete van 'n volk beskou word. Daarom word dit noodsaaklik geag dat daar 'n korrekte interpretasie en optekening van belangrike gebeure gedoen word. 'n Houding van ongeërgdheid teenoor die geskiedenis sou op 'n ontkenning neerkom van die feit dat die ontplooiing, die voortgang daarvan, in God se hand is en onder sy Albeskikking staan. In die voortgang van die geskiedenis is daar trouens niks wat gebeur wat maar bloot as toevallig en selfs neutraal getipeer en geïnterpreteer, of dalk erger nog, aan die noodlot toegeskryf sou kon word nie.

'n Volk wat aan sy eie kultuur-historiese erfenis geen waarde heg en dit gevolglik nie as komende uit die hand van die Here beoordeel en waardeer nie, kan nie daarop hoop om as 'n gerekende volk te bly voortbestaan nie. In ons eie land is die omstandighede tans so dat geskiedenis 'n hoogs kontroversiële saak geword het. Tydens 'n opname by skole in Bloemfontein is vasgestel dat, terwyl die wolk van kontroversie daaroor hang, Geskiedenis aan sommige voor-aanstaande skole gewoon nie meer aangebied word nie. Ons Afrikanervolk kan dit egter nie bekostig dat sy verlede op hierdie wyse ontken word en jongmense grootword sonder maar net 'n basiese kennis van vaderlands-geskiedenis, asook 'n histories-korrekte perspektief op belangrike gebeure nie. Dit sal die vinnigste ondergang van ons en so ook ander volkere teweegbring, aangesien die kultuur-historiese be-

wustheid en identiteit daardeur onherroeplik uitgewis sal word. Daar kan eenvoudig nie maar met die bestaande toedrag van sake in geskiedenis-onderrig genoeg geneem word nie.

Die hoofbestuur van ons Vereniging het tydens afgelope vergaderings indringende bespreking oor die status van ons volksgeskiedenis gevoer. Die hoofbestuur se besluite in hierdie verband is van besliste belang, nl. dat ondersoek ingestel word hóé die aanbieding van Geskiedenis op skool bevorder kan word en dat 'n opgaaf van geskikte bronne met die oog hierop identifiseer en saamgestel word. Dit is aan die komitee vir vakmateriaalontwikkeling opgedra om uitvoering te gee.

Tydens 'n voorlopige verkenning van die status van die vak het die volgende sake uitkristalliseer:

- i) Die aanbieding van Geskiedenis op skool het in meer as een opsig in kontroversie ontaard. Die gevolg daarvan is dat daar baie skole is wat Geskiedenis nie meer aanbied nie.
- ii) Geskiedenis word op skool, waar dit wel nog aangebied word, as 'n opsionele vak hanteer, wat beteken dat by baie skole dit opsygeskuif word, ten gunste van ander vakke.
- iii) Geskiedenis is, naas ander vakke, een van die belangrikste sover dit die verwerving van lewensbeskoulike insigte betref. Die vak leen hom uitstekend daartoe, en moet derhalwe as 'n geleentheid benut word vir Christelik-lewensbeskoulike opvoeding.

Vervolg op bl. 18

Vervolg van bl. 17

- iv) Die leermateriale waarvan tans aan sommige openbare skole gebruik gemaak word, is in geheel gesien glad nie geskik nie en hou 'n bedreiging in vir 'n korrekte geskiedbeskouing oor die Afrikaner, asook ander volkere.
- v) Ouers en onderwysers sal weer tot 'n besef van die noodsaak gebring moet word dat die onderrig van Geskiedenis inherent deel van die beskawings-vormende krag in die Christen-Afrikaner se lewe was en weer sal moet word.

Modus operandi

Daar is voorlopig eksemplaries ondersoek ingestel na bestaande bronne en die waarde daarvan vir Geskiedenis-onderrig in heersende omstandighede. Waaroor tans beskik word is die bronne waarvan o.m. Moria Tuisskoolmateriaal en andere gebruik maak, DVD's en CD's, waarvan sommige uit die argiefmateriaal van die vroeë SAUK kom, asook ander bronne wat geredelik beskikbaar is. Terwyl die voorlopige ondersoek slegs hierdie onderstaande bronne ingesluit het, word die bestaan en meriete van ander hoegenaamd nie ontken nie. Daar is, as uitgangspunt, krities-evaluerend op die inhoudelike van die volgende ingegaan:

- a) *Geskiedenis van Suid-Afrika* vir standerds 3, 4 en 5;
- b) *Nuwe geskiedenis vir standerd 6*;
- c) *Geskiedenis vir standerds 9 en 10*;
- d) *Afrikanerbakens*, 1652 tot 1994; en
- e) "Ons lewende geskiedenis" uit *Ensiklopedia Afrikana*.

Die bogemelde is wel geskik bevind om as basismateriaal gebruik te kan word, maar nie naastenby genoegsaam om in die

behoefte wat deur die heersende omstandighede daargestel word, te beantwoord nie; boonop ook nie om die Christelik-kultuureie perspektief na behore te integreer nie. Veel meer word benodig, met die vooruitsig om 'n goed-gestruktureerde pakket van geskiedenis-bronne saam te stel vir gebruik deur ouerhuse en skole. Die bronne waaroor tans beskik word is nogtans van groot waarde om historiese verloop en feitlikhede aan te bied. Wat egter van kernbelang is, is dat die lewensbeskoulike in die Geskiedenis-leerstof geïntegreer sal moet word, en dat op die gevolge van gebeure en strominge in die geskiedenis op die heersende denkklimaat in Suid-Afrika gewys sal word, veral wat ons huidige tydsgewrig betref. Die komitee-voorsitter het o.m. verwys na die Franse Rewolusie met sy slagspreek "vryheid, gelykheid en broederskap". Tot vandag het dit sy neerslag in die lewensbeskoulike denke wat daar onder sommige mense heers – ook in Suid-Afrika – en dit veral teen die agtergrond van die revolusionêre klimaat waarin ons ons tans bevind.

Behoeftes-identifikasie

Die voorlopige behoeftes wat tydens die gesprek geïdentifiseer word, is:

- i) Die dringende opstel van 'n brosjure vir verspreiding aan ouerhuse en skole waarin op die noodsaak vir die onderrig van waarheidsgetroue volksgeskiedenis op skool gewys word.
- ii) Die behoefte dat daar, ter wille van die korrekte perspektief vanuit ons gereformeerde-Christelike standpunt benader, 'n publikasie wat vir ouerhuse en in skole bestem is, tot stand kom. Dit moet die geskiedenis van die Afrikaner in 'n bevatlike trant, ryklik

geïllustreer, en vanuit die Christelik-kultuureie perspektief beskryf, kan weergee. Gedagtes oor die formaat daarvan is uitgespreek, maar dáárna moet nog verder ondersoek ingestel word.

- iii) Die saamstel van 'n goed-gestruktureerde pakket van geskiedenis-bronne wat geskik geag word om as die basis van 'n genoegsame kennis van ons vaderlandsgeskiedenis te kan dien. Ook moet 'n histories-korrekte opvatting daarvoor gevorm kan word, sodat ons vaderlandsgeskiedenis normatief, vanuit Bybelse perspektief beoordeel sal kan word.

In opvolging van die voorgaande het die komitee-voorsitter soos volg meegedeel: "Ek het ondertussen weer in die skoolboeke gelees, wat ek vir ons gesprek gebring het. Die voorstelling van geskiedenis in daardie boeke is na my gevoel te formeel, en ek wil byvoeg, te gedetailleerd vir 'n boek wat kind en ouer vandag sal wil opneem om te lees. Ek stel my voor dat 'n 'koffietafelboek' duidelik die rol van die Calvinistiese Afrikaner in die ontplooiing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis moet verwoord. Die hand van God, die roeping van die Calvinistiese Afrikaner en die veranderinge in geestesklimaat soos meegebring deur die opkoms van die liberalisme (Franse revolusie) en Britse imperialisme, moet ook duidelik in die aanbiedinge na vore kom."

Voortsetting van ondersoek

Verdere ondersoek na die stand van die geskiedenis is tydens 'n opvolgvergadering deur die hoofbestuur uitgevoer. Ondermeer is deur die voorsitter daarop gewys dat die werk aan die Afrikaner se volksgeskiedenis 'n omvangryke

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

taak is. Daar is, bv., die uitgebreide werke van Muller en Scholtz onderskeidelik, wat tot ses en twaalf volumes elk beslaan. Die kernvraag is: wat behoort die VCHO se taak ten opsigte van Geskiedenis as vak te wees? Vervolgens is die noodsaak geïdentifiseer dat, ter aanvang, 'n klein publikasie opgestel word vir verspreiding aan ouers en onderwysers, waarin die Christelike lewensbeskoulike in die volksgeskiedenis geïntegreer word. Die belang van die ideologiese aspek moet verklarend daarin behandel word. Daarna kan 'n volgende publikasie uitgegee word met bydraes oor hoe om Geskiedenis normatief aan te bied. Daarvandaan kan na 'n volgende fase beweeg word. Die voorgestelde stappe is soos volg:

- i) 'n monografie oor die lewensbeskoulike in die geskiedenis wat aan die adres van ouers en onderwysers gerig is;
- ii) 'n handleiding aan onderwysers oor hoe om geskiedenis te doseer, sodat die ideologiese belang duidelik blyk; en
- iii) 'n opvolgfase wat uit (i) en (ii) sal voortspruit.

Versugting van prof HG Stoker


Dit is veelseggend dat wyle prof HG Stoker, Christenfilosoof van

die destydse PU vir CHO, in sy werk *Oorsprong en Rigting*, band 1 (1967), reeds die volgende versugting uitspreek:

“Ek wens dat 'n Calvinistiese historikus sou opstaan wat 'n 'ideologiese' geskiedenis van ons volk op alle terreine (kerklik, staats, volks, maatskaplik, kultureel, en so meer) sou beskryf. Ons het wel reeds 'n breed en intensief uitgewerkte kerkgeskiedenis, politieke en ekonomiese geskiedenis, waarin vanselfsprekend die 'ideologiese' momente van ons volksgeskiedenis aangeraak word, maar ons het nog nie 'n breed en intensief uitgewerkte geskiedenis wat die 'ideologie' van ons volk tot sentrale tema het en wat nagaan wat die rol en invloed van die Calvinisme en sy verhouding tot, bepaling deur en inwerking op ander 'ideologieë' in ons volkswêreld was nie. Só 'n geskiedskrywing sal myns insiens bevestig wat hierbo gestel is, naamlik dat die Calvinistiese waarheid, die Calvinistiese lewenshouding, lewenstyl en lewenswandel, kortom, die Calvinisme as omvattende 'ideologie' en krag, die eintlike geestelike wortel van ons volksbestaan is.”

Die sóort aanbieding van Geskiedenis op skool kan 'n beduidende verskil maak aan jongmense se oriëntasie daartoe. In die verlede

was daar dalk te veel van 'n persepsie van koue feitlikhede wat gememoriseer moes word. Geskiedenis wat vanuit die korrekte benadering aangebied word kan 'n geheel nuwe dimensie daaraan verleen, wat hernude belangstelling tot gevolg kan hê. Die oortuiging bestaan dat die kritiese vereistes vir die wyse waarop daar met die geskiedenis omgegaan word, in die aanbieding daarvan geïntegreer behoort te word. Indien hierin geslaag word sal dit wesenlik daartoe bydra dat die kragtige betekenis en boodskap uit die geskiedenis sal spreek. Intussen is die Afrikaner van die 21ste eeu onverwyld besig om geskiedenis te vorm, met die noodwendige implikasie dat dit ook eendag beoordeel sal word. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons skouers, dat ons wat in hierdie tydsgewrig daaraan deel het ons van die aard en wese van 'n normatiewe geskiedbeskouing moet vergewis.

Opmerking: 'n Rigtinggewende hoofstuk wat oor “Die aard en aanbieding van Geskiedenis as vakdisipline” handel, is in die VCHO se Studiestuk nr 9, onder die titel: *Voed hulle op* vervat (ble. 76-101), met die oog op verdieping in die aanbieding van Geskiedenis – **Red.** 

Vervolg van bl. 16

VCHO se boekeprojek maak goeie vordering

Die VCHO is met 'n aantal projekte besig, waarvan ondermeer die uitgee van ons gereelde populêre en wetenskaplike publikasies. Hierbenewens is die uitbou van die reformatoriese literatuurskat een van die deurlopende projekte van die VCHO. Oor die afgelope jare

heen het ons reeds daarin kon slaag om 'n redelike biblioteek te kon byeenbring, waarvan 'n groot deel van boeke tot datum ontsluit is en vir akademiese navorsing beskikbaar gestel word. Met die jongste toevoegings daar 'n aansienlike hoeveelheid boeke wat ontsluit moet word, maar dit kan slegs sinvol gedoen word, indien die nodige rakspasie daarvoor geskep word. 'n Vertrek van ongeveer 30 m² moet vir

hierdie doel van rakspasie voorsien moet word.

Ons stel die saak op versoek van ons dagbestuur so aan belanghebbendes en lede, aangesien dit noodsaaklik is dat hierdie kosbare reformatoriese literatuurskat na behore geberg en bewaar moet word. Ons wil ook graag die skenkers van boeke van ons goeie trou verseker, sover dit die

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

in-bewaring-neem van boeke betref.

Dringende mededeling en oproep


Ons stel hiermee die behoefte aan die fondse wat gevind sal moet word, sodat die boekeprojek sonder vertraging kan voortgaan. Ons eindideaal is dat die boeke aan die studerende publiek beskikbaar gemaak word vir navorsing en studie, benevens dat dit as 'n toeganklike literatuurbron sal dien, waar die reformatoriese denke oor 'n redelike spektrum van dissiplines in veral die geesteswetenskappe bymekaar gebring en bewaar word. Die bewaring van die reformatoriese bronne het in ons tyd van kritieke belang geword en die VCHO is van oordeel dat hy 'n belangrike bydrae in hierdie opsig te lewer het, in samehang met ander erkende biblioteke en versamelings.

Daarom wil ons die projek graag aan belanghebbendes bekendstel, as een van meer waarmee die VCHO deurlopend besig bly, ter uitvoering van ons missie. Daarmee saam, dat ons lede ook kennis sal neem van die vor-

dering met een van meer komponente van die werk, waardeur die VCHO wil bydra tot Christelike opvoeding en onderwys. Ons rasionaal is dat dit 'n baie noodsaaklike komponent van die totale spektrum van werk opneem, wat in belang van die saak wat gedien word, benut en uitgebou moet word. Indien die onskatbare waarde van die bewaring van reformatoriese bronne opgeweeg word teen die finansiële inset soos vroeër genoem, is dit wel 'n beduidende offer om die bergruimte in plek te kry, maar na ons oordeel tog ook nie te veel gevra nie.

Met die benodigde bedrag genoem, neem ons dit nou na die publiek en ons lede, ten einde die fondse te bekom. Miskien is daar iemand, of 'n instansie wat oor fondse beskik wat hulle op 'n produktiewe wyse wil aanwend, maar nie seker is waarvoor nie. Of daar is 'n erflating wat van so 'n aard is dat 'n deel daarvan vir die VCHO opsygesit kan word. Of daar is dalk iemand wat bereid sou wees om die bedrag in gelyke paaiemente oor ses maande aan die VCHO te laat toekom onder bepaalde voorwaardes. Ons besef dat ons land tans baie moeilike ekonomiese

toestande beleef en dat 'n bedrag soos hierdie nie geredelik afgestaan kan word nie. Aan die anderkant, ons Vereniging staan vir 'n lofwaardige saak. Boonop kan dit nie misgekyk word nie dat aan die opvoeding en onderwys van ons kinders en jongmense baie geld bestee word en tereg ook so. Daarom reken ons dat dit nie onvanpas sou wees nie om belanghebbendes tot die saak te nader, met die oog op finansiële hulpverlening.

Hiermee dus ons oproep tot enigeen wat die saak van Christelike onderwys goedge-sind is en bereid is om 'n bydrae (kleiner of groter) te maak tot die aanbring van bykomende rakspasie in die VCHO-kantoor; tree asb. met ons in verbinding, sodat ons met hierdie belangrike projek kan voortgaan. Die bydrae kan van óf 'n finansiële óf materiële aard wees, lg. by wyse van die toerusting wat benodig word. Selfs 'n lening teen 'n lae rentekoers, oor twee-en-'n-half jaar terugbetaalbaar, sal oorweeg word. Lede wat bydraes maak sal van die volledige prysopgawe, asook vorderingsverslae voorsien word. 

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Ds S. le Cornu (Carletonville), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H. Horn (Pretoria), Dr H.G. Stoker (Potchefstroom), dr A.L.A. Buys (Pretoria) en mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes